DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG


# Die Basuin

**3 Oktober 2021**




Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Handelinge 4: 32 - 5 : 16 |
| **Tema** | 'n Kerk wat mense bang maak - God is heilig |
| **Sang** | Psalm 146 : 1, 4<br>Skrifberyming 24-1<br>Psalm 119 : 6, 26<br>31: 3, 12<br>42: 1, 7 |

Die aanslag van die Satan om die groei in die Here se kerk te stuit, misluk. Petrus en Johannes is deur die Raad gevange geneem, maar vrygelaat. Die Geesvervulde gemeente bly groei in getalle. Hulle lewe toegewy aan die Woord en die Waarheid en aan hulle mede-gelowiges. Dit is die kern en hartklop van hierdie gemeente.

Uit liefde vir God en mekaar tree Barnabas na vore en verkoop sy grond om gelowiges wat swaarkry, te help versorg. Juis deur hierdie daad van liefde sien die teenstander van God 'n geleentheid om chaos binne die gemeente te saai. Dit sien ons in die optrede en antwoorde van Ananias en Saffira in die eerste gemeente. Ananias se naam beteken: God gee genade en Saffira se naam beteken: Skitter.

Hulle lieg gesamentlik en afsonderlik vir die Heilige Gees. Wat die sonde ernstiger maak, is dat hulle die indruk wek dat hulle onder leiding van die Heilige Gees hierdie daad in liefde doen, terwyl hulle in werklikheid die Gees deur hulle sonde bedrieg om daardeur vir hulleself eer te verkry. So dring Satan in die eerste gemeente in en word die werk van die Gees gediskrediteer. Beide sterf in sonde en word begrawe. Die straf van die Here vir die huigelary van Ananias en Saffira veroorsaak skokgolwe binne sowel as buite die gemeente. Die gemeente leer dat die Heilige Gees, regtig God is. Geloof in Jesus Christus, is nie goedkoop nie. Die Heilige Gees roep ons om in volkome diens aan God te lewe. Halfhartigheid bestaan nie in ons diens aan die Here nie. Dit is of alles of niks. Ons is of toegewyd aan God of aan Satan. Hier hoor ons van geseënde tug. Die vrug van die Gees is eendrag.

Ons hoor: Die gemeente hou aan met gereelde byeenkomste in die Pilaargang van Salomo in die tempelkompleks. Die apostels doen wonders en tekens, en sit sodoende die werk van Christus voort. Die inwoners van Jerusalem besef dat navolging van Christus 'n radikale breek met die sonde inhou. En nou kom mense van buite om gesond te word. Christus het ons versoen om inwendig ons hart te besny en onvoorwaardelik aan God gehoorsaam te wees. Die skeiding tussen die gemeente en die Joodse wêreld word algaande duideliker.

Die kerk is nie 'n klub nie, dit is die liggaam van Christus. Jy het voordele,omdat Christus dit vir ons verwerf het. God vra jou hart. Geen mens kan in jou hart sien nie, doen biddend selfondersoek en bid vir die leiding en verligting van die Heilige Gees. Waar is my hart vandag?

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid ons broers en susters wat ly as gevolg van siekte. Mag die Here julle en julle geliefdes in die tyd bewaar en versterk.

* Ons bid vir almal wat swaarkry as gevolg van die invloed van die inperkings op ons lewe. Ons vra dat die Here uitkoms sal gee, soos en waar dit nodig is.

* DV volgende Sondag preek prof Gert Jordaan hier by ons. Ons is dankbaar oor die opheffing van sekere inperkings rondom die erediens.

* Ons moet ongelukkig steeds maskers dra, maar ons kan met goeie oordeel ons bedrywighede hervat. Katkisasie hervat 17 Oktober vir die seniorklasse.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK



*Laat my elke môre u liefde ondervind,*
*want in U stel ek my vertroue.*
*Wys my die pad wat ek moet loop,*
*want my hoop is op U gevestig.*

*Psalm 143: 8*


## ALMANAK 2022




Lidmate wat die Almanak 2022 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.

Die Almanak se koste is R 100.00 per eksimplaar.

Bestellings sal teen 18 Oktober 2021 geplaas word, en behoort dan teen middel November 2021 beskikbaar te



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend /Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| Ma 4 Okt | Hester Korff<br>JN Beyeneveldt | 66<br>31 | B<br>B | 072 190 2991<br>078 670 6485 |
| Di 5 Okt | ***Alida Jansen **** <br>Lienkie Hoogendyk | ***73***<br>39 | B<br>B | 073 759 0315<br>066 240 3118 |
| Wo 6 Okt | Douw Venter<br>Dawie Lessing | 61<br>41 | B<br>B | 082 713 2780<br>083 627 4751 |
| Do 7 Okt | Lia Van Der Merwe | 3 | D | 083 948 7189 |
| Vr 8 Okt | Sarie Bronkhorst<br>Pieter Nagel | 68<br>58 | B<br>B | 082 819 9164<br>083 557 6430 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 4 Oktober 2003 | Chris & Madeleen Nel | 18 | 083 537 8876<br>083 739 6152 |
| 5 Oktober 1991 | Sarel & Tialeen Venter | 30 | 082 809 0222<br>084 800 0552 |
| 6 Oktober 1990 | George & Susan Petitt | 31 | 083 959 2290<br>083 277 4852 |
| 8 Oktober 1989 | Pieter & Barbara Nagel | 32 | 083 260 9581<br>083 557 6430 |

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 29 Sept 2021 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |
| 19 Okt 2021 | 10:30 | Kerk | Silwerdoppers |

Lidmate wat op 'n Donderdag aand by 'n ***ZOOM*** Bybelstudie groep wil aansluit kan vir Alta Theron skakel op 082 458 5700. Die Bybelstudie word gelei deur Prof Chris van der Walt en Jesaja word bespreek.

Lidmate moet asb kennis neem dat Bybelstudie eers weer op Dinsdag 12 Oktober 2021 om 09:30 sal hervat.

# SILWERDOPPERS


Die ***Silwerdoppers*** kom weer op 19 Oktober by die kerk bymekaar vir 'n baie lekker en langverwagte kuiertjie.


Die kuiertjie begin direk na ***Bybelstudie.***

Bring asb 'n kampstoel en piekniek mandjie saam en kom ons kuier weer saam soos van ouds.

Hoop ons sien almal daar!!!!!




GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Maar van die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag. Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg.*

*Handelinge 5: 13, 14*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS